



# LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS LAERSKOOL WARMBAD

**INSTRUKSIES:** Skryf jou naam en van op elke antwoordblad en jou nommer

1. Voltooi al die vrae.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n lyn na elke vraag.
7. Spelling tel!
8. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief nie op die vraestel skryf nie!

## SUMMATIEWE ASSESSERING

|            |                  |
|------------|------------------|
| LEERAREA:  | AFRIKAANS (HT)   |
| GRAAD:     | 6 (Me. M Otto)   |
| MODERATOR: | Me. A Botha      |
| TYD:       | 90 minute        |
| PUNTE:     | 65               |
| DATUM      | 16 November 2016 |

**GRAAD: 6 L S W**

## AFDELING A : LEES EN KYK

### Vraag 1: Begripstoets

Lees die leesstuk aandagtig deur en beantwoord daarna die vrae in volsinne:

#### Die dominee se hond

Vrydagaand sit ons in die lapa en gesels so langs die vuur oor alles waaroor 'n mens mos langs 'n braaivleisvuur gesels: politiek, kerke, spoke, troeteldiere, musiek en toe hoor ek van die dominee se hond.

So 'n paar jaar gelede kry my suster Louna 'n besoek van die dominee... Hy weet hulle het meer as die gemiddelde hoeveelheid troeteldiere en so lê hy toe die punt van sy besoek op die tafel vir verdere nabetraging. Hy sit met 'n probleem: Hy gaan vir 'n lang ruk oorsee en hy het nou die vier honde by die huis waarna gekyk moet word. Die honde onder bespreking is toe 'n worshond, genaamd Mavis, en haar drie kleintjies. Mavis is te oulik en het die vriendelikste ogies. Wie kan dan nee sê?

So gaan die dominee toe met 'n blye gevoel in die hart huis toe en Louna-hulle word die nuwe eienaars van Mavis en haar kroos. Dit is toe ook eers later die aand toe daar 'n doring in die pad spring: Die honde se bakke met hul kos word in die kombuis neergesit en Louna staan tevrede en kyk hoe die klein hondjies hul kos eet. Mavis sit egter net voor haar kosbak. Sy eet nie. Later eet die klein hondjies haar kos ook op en steeds roer sy nie. Louna is nie te bekommerd nie, want dalk is die hond nie baie honger nie.

Die volgende oggend kry die klomp honde weer kos en weer is dit dieselfde ding. Mavis sit voor haar bak, maar probeer nie eers om te eet nie. Nou begin Louna wonder of die hond nie dalk treur oor die dominee nie. Weer eet die ander honde haar kos op. So gaan dit vir drie

dae. Die hond lyk byna of sy gaan omval van die hongerte, maar eet wil sy nie. Louna probeer allerhande kos, maar niks. Later skakel sy uit moedeloosheid maar die dominee om te hoor wat hy dink kan fout wees.

“Kaakakaaa kakaka kkakk ug,” lag die dominee nadat hy die storie gehoor het. Hy vra om verskoning omdat hy vergeet het om haar te vertel van die hond se etery. Die saak staan toe so: Aangesien die dominee altyd bid voor ete het hy en Mevrouw Dominee die hond geleer om te wag totdat hulle klaar gebid het voordat sy kan eet. “Jy moet amen sê voordat die hond sal eet. Kekeke hahah ug ug hugggh.”

Die dominee lui af terwyl Louna hoor hoe hoes-lag hy op die agtergrond. So sit sy die bakke op die grond neer en begin bid vir die ete. Na ‘n gebed van ‘n paar reëls sê sy amen en kyk grond toe. Mavis staan voor haar bak en lek dit uit. Die ander brakke het klaar haar kos geëet. Hmmm... sy skep toe maar weer kos uit en sit dit voor Mavis neer. Weer sit die hond voor die bak en wag. Weer bid Louna. Weer mik die hond vir die kos as Louna amen sê. Weer is die bakke leeg gevreet deur die ander honde.

Nou is sy sommer vies. Sy hou die bak in haar hand en bid vir die hond en haar kos. Na die amen sit sy die bak neer. Dit werk. Die hond eet. Die volgende dag is dit weer ‘n gebed en dan na die amen eet die hond. Later begin Louna se gebed al korter raak maar dit lyk nie asof dit die hond pla hoe lank die gebed is nie. Sodra sy amen sê, dan eet die hond. Later raak sy wys. Sit die bak op die grond neer en sê net vinnig amen. Dan eet die hond.

Toe was dit nooit nodig om ‘n lang gebed op te sê nie. Net ‘n amen was goed genoeg vir Mavis.



Hierdie is ‘n ware storie. Glo dit of nie.

#### Vrae:

1. Wat is die titel van die storie? (1)
2. Noem 3 dinge waaroor mense graag langs ‘n braaivleisvuur gesels. (3)
3. Wie het ‘n paar jaar gelede besoek van die dominee ontvang? (1)
4. Wat was die dominee se probleem? (2)
5. Wat is die worshond se naam? (1)
6. Hoekom het die worshond aanvanklik nie geëet nie en net voor die kosbak gesit? (1)
7. Wat het Louna gedink was die rede dat die hond nie wou eet nie? (1)
8. Vir hoe lank het die worshond nie geëet nie? (1)

9. Wie het Louna later uit moedeloosheid geskakel oor die hond wat nie wou eet nie? (1)
10. Hoe het die persoon reageer toe hy die oproep ontvang oor die hond? (1)
11. Watter woord was goed genoeg vir Mavis? (1)
12. Is hierdie 'n ware verhaal? (1)

**Totaal Vraag 1 : [15]**

**Vraag 2: Poësie**

Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae:

**Die spook**

1. Een aand, net na ete,
2. begin oom Fanie met sy streke.
3. Al het Mammie dit verbied,
4. weet hy dat ons spookstories die meeste geniet.
  
5. “Daar onder by die watersloot
6. is ou Moos mos een nag dood.
7. Hy was ryk en vet en groot;
8. die mense sê: hy’s in die water gestoot!
9. Daarom spook dit daar .....
10. Moos soek na sy moordenaar!”
  
11. Later loop ek allenig deur die gang.
12. Skielik vat iets aan my wang.
13. ‘n Rilling trek deur my lyf
14. en my ledemate skrik stok-, stokstyf.
  
15. Nou krul dit stadig om my keel
16. en begin oor my wang te streel en streel...
17. Ek klap en skree en gryp en gil...
18. Toe bly ek ewe skielik stil...
  
19. Verslae staan ek met ‘n haarsliert in my hand.
20. Dit was die spokerige kalant!

(Uit: *Oe-la-la* deur Bernie Visser)

- 2.1 Kies die korrekte antwoord:  
Die spreker in die gedig is (‘n seun / ‘n meisie / ‘n grootmens.) (1)
- 2.2 Waarom wil Mammie nie hê oom Fanie moet spookstories vertel nie? (1)

- 2.3 Wanneer het oom Fanie met sy streke begin? (2)
- 2.4.1 In watter reëls word die spookstorie vertel? (1)
- 2.4.2 Watter leestekens sê dit vir ons? (1)
- 2.5 Sê in jou eie woorde hoe die persoon voel nadat sy die storie gehoor het.  
(reëls 12 – 18) (2)
- 2.6 Stokstyf is 'n intensiewe vorm – dit sê dat die verteller se ledemate baie styf was.  
Wat is die **intensiewe vorm** van: *oud* (1)
- 2.7 Wie is die skrywer van die gedig? (1)

**Totaal Vraag 2 [10]**  
**Totaal Afdeling A : [25]**

### **AFDELING B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg:

### **LAERSKOOL SUKKEL**



- 3.1 Wie dink jy is die man in die eerste prentjie? (1)
- 3.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
- 3.2.1 Die ruimte waarin hierdie storie afspeel is (in die klas / by die huis / in sy kamer). (1)
- 3.2.2 Die woord **SUKKEL** in die titel sê vir ons dat die kinders in hierdie skool (baie goed presteer / nie te goed presteer nie). (1)
- 3.3 Hoekom lyk die man so kwaai? (1)
- 3.4 Wat beteken dit om 'n vak te druij? (2)
- 3.5 Dink jy die seun hou van Wiskunde? Verduidelik hoekom jy so dink. (2)
- 3.6 Wat dink jy sal die gevolg wees indien hierdie seun aanhou met die houding wat hy tans inneem teenoor die vak? (2)

**Totaal Afdeling B : [10]**

## **AFDELING C: TAALSTRUKTUUR EN KONVENSIE**

- 4.1 Gebruik die **voegwoord** tussen hakies om een saamgestelde sin te maak:  
Baie versigtig het hulle ingestap. Hulle het op die vloer gaan sit. (en) (2)
- 4.2 Gee die korrekte vorm van die **deelwoorde** tussen hakies:
- a. Louna bid met 'n (klop) hart voordat die honde eet. (1)
- b. Hulle loop saggies tot by die (toemaak) deur. (1)
- 4.3 Soek die korrekte **sinonieme** in die storie vir die volgende woorde:
- a. poog (1)
- b. amper (1)
- 4.4 Brei die volgende enkelvoudige sin uit deur **byvoeglike naamwoorde** te gebruik:  
Mavis kyk na die kosbak. (2)
- 4.5 Skryf **twee selfstandige naamwoorde (eiename)** uit die *storie* neer. (2)
- 4.6 Voeg 'n bywoord in die onderstaande sin om dit meer interessant te maak:  
Mavis staan voor haar bak en lek dit uit. (2)
- 4.7 Skryf die sin oor in die **direkte rede**:  
Louna sê dat amen goed genoeg was vir Mavis. (2)
- 4.8 Skryf die volgende sin oor in die **ontkennende vorm**:  
Die dominee het gehoos-lag toe Louna hom van die hond vertel. (2)
- 4.9 Vul die gepaste **voorsetsels** in die volgende sin in:  
Die dominee vertrek \_\_\_\_\_ motor na die lughawe en \_\_\_\_\_ vliegtuig oorsee. (2)
- 4.10 Skryf die volgende sin oor en vul die regte **leestekens** in:  
agge nee mavis wil nog steeds nie eet nie (2)
- 4.11 Soek die **antonieme** in die storie vir die volgende woorde:
- a. altyd (1)
- b. dom (1)
- 4.12 Skryf die **intensiewe vorm** neer van die volgende woorde uit die leesstuk:
- a. nodig (1)
- b. leeg (1)

4.13 Voltooi die volgende vergelykings:

- a. Mavis was later so honger soos \_\_\_\_\_ en so skraal soos \_\_\_\_\_, maar van eet wou sy niks weet nie. (2)
- b. Louna was so geduldig soos \_\_\_\_\_. (1)

4.14 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die onderwerp in die sin met rooi en die voorwerp met blou:

Die dominee hoes-lag vir Louna. (2)

4.15 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die gesegde(s) in die sin:

Sy hou die bak in die hand en bid vir die hond. (1)

**Totaal Afdeling C : [30]**

**TOTAAL : 65**